

Verbondsteken



SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se les:

Génesis 2:2, 3; Exodus 20:11; Exodus 16; Hebreërs 4:1–4; Exodus 31:12–17; Deuteronomium 5:14.

Geheeteks:

“En die kinders van Israel moet die sabbat onderhou deur die sabbat te vier in hulle geslagte as ‘n ewige verbond.” (*Exodus 31:16*).

Die sewendedag-Sabbat is soos ‘n spyker wat in die muur “ingedryf” is, ‘n dag wat ons, sonder onderbreking, elke week laat terugkeer na die grondslag van alles wat ons is of kan wees. Ons is so besig, hardloop heen en weer, gee geld uit, verdien geld, dan hier, dan daar, oral, en dan — “ingedryf”! — breek die Sabbat aan en verbind dit ons weer met ons oorsprong, die beginpunt van alles wat daarop volg, want alles wat iets vir ons beteken, kom tot stand omdat God dit, en ook ons, geskep het. Met onophoudelike gereeldheid en sonder enige uitsonderings, verdwyn die son oor die horison en word die Sabbat deel van ons lewensloop. Die Sabbat herinner ons dat elke oomblik van ons lewe aan ons Skepper behoort, die Een wat ons hier geplaas het, die Een wat “in die begin” die hemel en die aarde geskape het, ‘n handeling wat die onweerlegbare grondslag van alle Christelike geloof is en waarvan die sewendedag-Sabbat — “ingedryf”! — sonder twyfel, ‘n onveranderlike teken is. Hierdie week gaan ons na hierdie teken in die konteks van die Sinaiverbond kyk.

Hierdie week met een oogopslag: Waar het die Sabbat begin? Watter bewys is daar dat die Sabbat voor Sinai al bestaan het? Wat maak van die Sabbat so ‘n toepaslike verbondsteken?

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 29 Mei*

Oorspronge

Hoe dikwels hoor ons die frase, die “ou Joodse Sabbat”. Die Skrif maak dit egter duidelik dat die Sabbat lank voor die Joodse volk ontstaan het, en bestaan het. Die oorsprong daarvan word in die Skeppingsweek gevind.

Slaan Génesis 2:2, 3 en Exodus 20:11 na. Waar word die oorsprong van die Sabbat baie duidelik en ondubbelsinnig geplaas?

Alhoewel Génesis 2:2, 3 nie die “sewende dag” as die Sabbat identifiseer nie (*dit word eers in Exodus 16:26, 29 genoem*), word dit duidelik in die frase “en op die sewende dag gerus” (*Gen. 2:2*) gesuggereer. Die woord gerus (Hebreeus, shabat) is verwant aan die selfstandige naamwoord “Sabbat” (Hebreeus, shabbat). “Die woord ‘sabbat’ word nie in Génesis 2:2, 3 gebruik nie, maar dit word aanvaar dat die outeur se doel was om te bevestig dat God die sewende dag as die Sabbat geseën en geheilig het.” — G. F. Waterman, *The Zondervan Pictorial Encyclopedia of the Bible* (Grand Rapids, MI: Zondervan Publishing House, 1975), vol. 5, bl. 183, (vry vertaal). Dit is duidelik dat Génesis 2:2, 3 leer dat die Sabbat van goddelike oorsprong is en dat dit ingestel was as ‘n dag van seëninge vir die hele mensdom. Lees Markus 2:27. Jesus sê dat die Sabbat letterlik vir die “mens” gemaak was, wat impliseer dat dit vir die hele mensdom geld, en nie net vir die Jode alleen nie.

Hoekom wou God self op die sewende dag gerus het? Het Hy dit nodig gehad? Was daar ‘n ander rede hoekom Hy gerus het?

Alhoewel sommige Bybelverklaarders voorgestel het dat God nodig gehad het om ná die Skepping fisies te rus, was die ware doel vir sy rus om ‘n goddelike Voorbeeld vir die mensdom daar te stel. Die mens moet ook vir ses dae werk en dan op die sewendedag-Sabbat rus. Die teoloog Karl Barth het voorgestel dat die feit dat God aan die einde van die Skeppingsweek gerus het omdat dit deel is van die “genade-verbond” waardeur die mens genooi was om “saam met Hom te rus . . . om deel te neem in [God] se rus.” — *Church Dogmatics*, vol. 3, part 1 (Edinburgh, Scotland: T&T Clark Ltd., 1958), bl. 98, (vry vertaal). Die liefdevolle God het die man en die vrou die dag na hulle skepping geroep om in samesyn met Hom te rus, om ‘n intieme samesyn met Hom na wie se beeld hulle geskape was, tot stand te bring. En daardie samesyn en gemeenskap moes vir ewig duur. Vanaf die sondeval het dit belowe om ‘n weeklikse hoogtepunt saam met die Verlosser te wees.

As iemand jou sou vra hoe Sabbatonderhouding jou verhouding met die Here bevorder het, hoe sou jy daarop reageer?

Die Sabbat voor Sinai

“Toe sê hy vir hulle: Dit is wat die HERE gespreek het: Môre is dit rusdag, ‘n heilige sabbat van die HERE. Wat julle wil bak, bak dit; en wat julle wil kook, kook dit; en bêre vir julle alles wat oor is, om dit te bewaar tot die môre toe.” (*Exodus 16:23*).

Lees vlugtig deur Exodus 16, die verhaal van die manna wat aan Israel voorsien was in die woestyn voordat hulle by Sinai aangekom het. Let op wat deur hierdie verslag onthul word:

1. Hulle kon net genoeg vir elke dag insamel, maar op die sesde dag moes hulle ‘n dubbele porsie insamel.
2. Daar was geen manna op die Sabbat beskikbaar nie.
3. Die ekstra porsie wat hulle op die Vrydag moes versamel vir die Sabbat het vars gebly, terwyl dit wat hulle te veel op die ander dae ingesamel het, sleg geword het.

Wat openbaar hierdie verhaal aan ons oor die heiligheid van die Sabbat voordat die wet by Sinai gegee was? (*Lees Exodus 16:23–28.*)

“Om die waarheid te sê, die gelykstelling van die Sabbat met die sewende dag, die verklaring dat die Here die Sabbat aan die Israeliete gegee het, en die verslag dat die volk volgens God se bevel op die sewende dag moes rus, dui alles onmiskenbaar op die oorspronklike instelling van die Sabbat (by die Skepping).” — G. F. Waterman, *The Zondervan Pictorial Encyclopedia of the Bible*, vol. 5, bl. 184, (vry vertaal).

Exodus 16 sê baie meer oor die Sabbat as wat daar op eerste gesig raakgesien word. Kom ons kyk wat dit ons leer:

1. Watter dag is die voorbereidingsdag vir die Sabbat? _____
2. Op watter dag van die week is dit Sabbat? _____
3. Waar het die Sabbat begin? _____
4. Watter tipe dag behoort die Sabbat te wees? _____
5. Is die Sabbat ‘n vasdag? _____
6. Is die Sabbat ‘n getrouheidstoets? _____

Hoe vergelyk jou begrip van die Sabbat tans met wat Exodus 16 oor die Sabbat ons leer?

Verbondsteken

“ ‘ “En die kinders van Israel moet die sabbat onderhou deur die sabbat te vier in hulle geslagte as ‘n ewige verbond. Tussen My en die kinders van Israel is dit vir ewig ‘n teken; want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, maar op die sewende dag het Hy gerus en Hom verkwik.” ’ ” (*Exodus 31:16, 17*).

Die Sabbat word vier keer in die Skrif as ‘n “teken” aangedui (*Exodus 31:13, 17; Eségiël 20:12, 20*). ‘n “Tekening” is nie ‘n “simbool” in die sin dat dit iets anders kenmerkend voorstel, verteenwoordig of herroep nie, want beide het ooreenstemmende eienskappe (bv., ‘n simbool van ‘n vuur dui dikwels “mag” of “gesag” aan). In die Bybel het die Sabbat as ‘n “teken” gefunksioneer om ‘n uiterlike aanduiding of bedoeling of toestand aan te dui om ‘n spesifieke boodskap oor te dra. Niks van die tekening self het dit spesifiek aan die verbond gekoppel nie. Die Sabbat was self ‘n verbondsteking “ ‘ “tussen My en julle in julle geslagte” ’ ” (*Exodus 31:13*) net omdat God so gesê het.

Hoe kom wou die Here die Sabbat as ‘n verbondsteking gebruik? Wat is dit van die Sabbat wat dit so ‘n toepaslike simbool van die verlossingsverhouding met God maak? Met die gedagte dat ‘n uiters belangrike aspek van die verbond die feit is dat ons deur genade gered word en dat werke ons nie kan red nie, wat van die Sabbat maak dit opsigself so ‘n goeie simbool van daardie verhouding? (*Lees Génesis 2:3, Hebreërs 4:1–4*.)

Wat so boeiend van die Sabbat as ‘n tekening van die genadeverbond is, is dat die Jode vir eeu verstaan het dat die Sabbat ‘n tekening van Messiaanse verlossing was. Hulle het in die Sabbat ‘n voorsmaak van verlossing deur die Messias gesien. Omdat ons redding verstaan as deur genade alleen, en omdat ons die verbond as ‘n verbond van genade sien, is die verband tussen die Sabbat en Verlossing en die verbond duidelik (*lees Deuteronómium 5:13–15*). Daarom, in teenstelling met die algemene opvatting, is die Sabbat ‘n tekening van God se genadige verlossing; dit is nie ‘n tekening van verlossing deur werke nie.

Hoe verstaan jy wat dit beteken om op die Sabbat te “rus”? Hoe rus jy op die Sabbat? Wat doen jy verskillend op daardie dag wat dit ‘n “teken” maak? Kan iemand wat jou ken na jou lewe kyk en sien dat die Sabbat werklik ‘n spesiale dag vir jou is?

‘n Teken van heiligmaking

“ “. . . Julle moet sekerlik my sabbatte onderhou, want dit is ‘n teken tussen My en julle in julle geslagte, sodat die mense kan weet dat Ek die HERE is wat julle heilig.” ’ ” (*Exodus 31:13*).

Exodus 31:12-17 is ‘n skrifgedeelte wat ruimskoots inligting oor die Sabbat voorsien, en dit volg ná die instruksies wat die Here vir die bou van die heiligdom en die totstandkoming van die tabernakeldienste gegee het (*Exodus 25:1 tot Exodus 31:11*). Die konsep van die Sabbat as ‘n “teken” – ‘n sigbare, uiterlike en ewige teken tussen God en sy volk – word hier vir die eerste keer op hierdie manier gebruik. Die teks self bevat ‘n paar boeiende gedagtes waaraan ons aandag moet gee. Twee nuwe gedagtes word in hierdie teks saamgekoppel:

1. Die Sabbat as ‘n teken van kennis
2. Die Sabbat as ‘n teken van heiligmaking

Dink na oor kennis as ‘n teken. Die Hebreuse begrip van kennis sluit intellektuele, verhoudings- en emosionele aspekte in. “Om te ken” het nie net na feite verwys nie, veral waar ‘n persoon daarby betrokke was. Dit het ook ‘n betekenisvolle verhouding met die betrokke persoon ingesluit. Dus, “m die HERE te ken, het ook beteken om ‘n goeie verhouding met Hom te hê — om Hom te “dien” (*1 Kronieke 28:9*), om Hom te “vrees” (*Jesaja 11:2*), om Hom te “glo” (*Jesaja 43:10*), om Hom te “vertrou” en te “soek” (*Psalm 9:11*), en om sy Naam “aan [te] roep” (*Jeremia 10:25*).

Slaan elkeen van die verse in die paragraaf hierbo na. Op watter manier help hierdie verse ons om te verstaan wat dit beteken om die Here te “ken”?

Daarby is die Sabbat ook belangrik as ‘n teken van heiligmaking. Dit dui aan dat die Here sy volk “heilig” maak (*vergeelyk Levítikus 20:8*) deur hulle “heilig” te verklaar (*Deuteronomium 7:6*). Die heiligmakingproses is net soveel die werk van God se reddende liefde as wat sy verlossings- en vrymakingswerk is. Verlossing of vrymaking (regverdiging) en heiligmaking is beide God se aksies: “ ‘Ek . . . die HERE . . . wat julle heilig.’ ” (*Levítikus 20:8*). Die Sabbat is dus ‘n teken wat kennis oor God as Heiligmaker meedeel. “Die Sabbat wat aan die wêreld gegee was as die teken van God as die Skepper is ook die teken van Hom as Heiligmaker.” — Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 6, bl. 350, (*vry vertaal*).

Dink aan die Sabbatdag en die proses van heiligmaking as dit wat heilig maak. Watter rol speel Sabbatonderhouding in hierdie proses? Hoe kan die Here ons ondervinding van Sabbatonderhouding gebruik om ons te heilig?

Om die Sabbat te gedenk

“Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig” (*Exodus 20:8*). Die Sabbat was en is ‘n teken wat deur die mens “gedenk” moet word. Die gebruik van die woord gedenk het verskeie funksies. Eerstens, om iets te gedenk, impliseer om terug te kyk, om die verlede in oënskou te neem. In hierdie geval wys die Sabbat ons na die Skepping as ‘n daad van God wat sy hoogtepunt bereik het toe die Sabbat as ‘n weeklikse dag van rus en spesiale samesyn met God ingestel was.

Die opdrag om te gedenk het ook implikasies vir die teenswoordige. Ons moet nie net die Sabbat “gedenk” nie (*Exodus 20:8*); ons moet dit ook “vier” en “onderhou” (*lees Deuteronomium 5:12*). Die Sabbat het dus vandag nog belangrike implikasies vir ons.

Laastens, om die Sabbat te gedenk, word ons aandag op die toekoms gevestig. Die persoon wat die Sabbat onderhou, het die belofte van ‘n belowende, oorvloedige en betekenisvolle toekoms saam met die Here van die Sabbat. Hy of sy bly in die verbondsverhouding, want hy of sy bly in die Here. Weereens, wanneer ons verstaan dat die verbond ‘n verhouding tussen God en die mens is, word die Sabbat wat die verhouding baie kan versterk, spesifiek baie belangrik.

Inderdaad, deur die Skepping en die Skepper te onthou, onthou God se volk ook God se genadige handeling van verlossing (*lees Deuteronomium 5:14* waar die Sabbat in hierdie konteks as ‘n teken van bevryding uit Egipte, ‘n simbool van die uiteindelijke verlossing wat in God gevind word, gesien word). Skepping en herskepping hoort bymekaar. Die eerste een maak die laaste een moontlik. Die Sabbat is ‘n teken wat te kenne gee dat God die Skepper van die wêreld en die Skepper van ons verlossing is.

“Deur sy Sabbat heilig te hou, toon ons dat ons sy volk is. Sy Woord verklaar dat die Sabbat ‘n teken is waardeur sy gebodsgheoorsame volk onderskei word. . . . Diegene wat die wet van God hou, sal een met Hom wees in die groot stryd wat in die hemel tussen Satan en God begin het.” — Ellen G. White, *Selected Messages*, boek 2, bl. 160, (*vry vertaal*).

Dink na oor hierdie verklaring deur die Here se dienskneg. Wat van die Sabbat maak dat dit iets is wat ons as die “gebodsbewarende volk” onderskei, dalk meer as enige van die ander gebooië?

Vir verdere studie:

Lees Ellen G. White, bl. 968-970, in *The SDA Bible Commentary*, vol. 7; “The Observance of the Sabbath,” bl. 349–351, in *Testimonies for the Church*, vol. 6; “Van die Rooi See na Sinai,” bl. 295–297, in *Patriarge en Profete*. Die Tien Gebooie definieer allesomvattend en fundamenteel die verhouding tussen God en mens, en tussen mens en mens. Die gebod in die middel van die Dekaloog is die Sabbatgebod. Dit identifiseer die Here van die Sabbat op ‘n spesiale wyse en dui sy sfeer van outoriteit en eienaarskap aan. Let op na hierdie twee aspekte: (1) die identiteit van die Godheid: Yahweh (HERE), wat die Skepper is (*Exodus 20:11, Exodus 31:17*), en wat dus ‘n unieke plek inneem; (2) die sfeer van sy eienaarskap en outoriteit — “die hemel en die aarde . . . , die see en alles wat daarin is” (*Exodus 20:11*; vergelyk *Exodus 31:17*). Wat hierdie twee aspekte betref, het die Sabbatgebod die kenmerkende eienskappe van die stempels van internasionale en antieke Nabye Oosterse verdragsdokumente. Hierdie stempels word altyd in die middel van die verdragsdokumente geplaas en bevat ook (1) die identiteit van die god (gewoonlik ‘n heidense god), en (2) die gebied van eienaarskap en outoriteit (gewoonlik ‘n beperkte geografiese gebied). “Die heiligmakende Gees onderskei die verskil tussen hulle wat die seël van God het en hulle wat ‘n vervalste rusdag hou. “Wanneer die toets kom, sal dit duidelik toon wat die merk van die dier is. Dit is Sondagonderhouding. . . . “God het die sewende dag as Sy Sabbat aangewys [*Exodus 31:13, 17, 17 aangehaal*]. “Op dié manier word die onderskeid tussen die lojale en dislojale aanbidders gemaak. Hulle wat begeer om die seël van God op hulle voorhoofde te ontvang, moet die Sabbat van die vierde gebod onderhou.” — Ellen G. White, *The SDA Bible Commentary*, vol. 7, bl. 980-981, (vry vertaal).

Vrae vir bespreking:

1. Lees Levítikus 19:30. Let op hoe dit die heiligdom en die Sabbat met mekaar verbind. Deur in ag te neem wat ons sover oor die Sabbat as ‘n teken geleer het, hoekom maak daardie verband soveel sin?
2. Vra jouself hierdie vraag: Het Sabbatonderhouding my wandel met die Here versterk? Indien nie, watter verandering kan jy maak?

Opsomming: Die Sabbat is ‘n verbondsteken wat vooruitwys na die tyd wanneer die plan van verlossing voltooi sal wees. Dit wys terug na die Skepping en, as teken van die verbond van genade dui dit op die finale herskepping wanneer God alles nuut sal maak.